

Send books for review, and book reviews to:

Book Review Editor (*New Contree*)

Mr Charl Blignaut

North-West University (Potchefstroom Campus)

charl.blignaut@nwu.ac.za

The *New Contree* Journal publishes reviews of significant books that are relevant to historians. Book reviews are written on invitation from the office of the review editor, but unsolicited reviews may also be considered. *New Contree* has an interdisciplinary outlook and welcomes suggestions of historically significant works written by scholars in other disciplines. The review should be submitted to the review editor within two months of receipt of the book. If this deadline cannot be met, a mutually agreeable alternative date can be negotiated. If it becomes impossible to review the book, it should be returned to the review editor. All reviews will be submitted to the members of the editorial board before acceptance for publication.

Contents and additional (or book) references

The review should summarize what is important in the book, and critique its substance. The reviewer should assess the extent to which the author achieves the stated aim of the book. It is important that the reviewer should engage the material instead of simply reporting the book's contents. For this reason, the reviewer should try to avoid summations of book chapters or the separate contributions in an edited collection. Instead, the reviewer should assess the ways in which chapters and contributions are relevant to the overall context of the book. Reviews should be written in a style that is accessible to a wide and international audience.

Any use of references or additional references from other sources must be informed on in footnote style.

Format

The review should generally be between 800 and 1 200 words, and should include as little bibliographic data as possible. When necessary, use page references for quotations in the text of the review and provide complete bib-

liographic details of the source. The review should begin with a heading that includes all the bibliographic data. The elements of the heading should be arranged in the order presented in the following example:

The early mission in South Africa/Die vroeë sending in Suid-Afrika, 1799-1819. Pretoria: Protea Book House, 2005, 272 pp., map, chronology, bibl., index. ISBN: 1-9198525-42-8. By Karel Schoeman.

Do not indent the first line of the first paragraph, but indent the first line of all successive paragraphs. Use double spacing for the entire review. Add your name and institutional affiliation at the end of the review. Accuracy of content, grammar, spelling, and citations rests with the reviewer, and we encourage you to check these before submission. Reviews may be transmitted electronically as a Word file attachment to an email to the review editor. If you have additional questions, please contact the Book Review Editors.

Portraits of Colonial Natal

**(Reach Publishers, Westville, 2017, 278pp.
ISBN: 9780620755153)**

Duncan Du Bois

Athambile Masola

University of Pretoria

Athambile.masola@up.ac.za

Portraits of Colonial Natal is a troubling book. The author states his position in the introduction that this book is a response to the decolonial project because he believes that “colonisation was good in parts, but the decolonisers shy away from conceding that. In any event, history without context degenerates into propaganda” (p. 13). The book reads as an apologetics on behalf of colonialism. This is a dangerous, if not a brazenly white supremacist position to take given the conversations happening in South Africa. Furthermore, it begs the question, who is Du Bois’s audience?

The rest of the book is a collection of “portraits” of the colonial Natal written as overviews of the various key moments and development. It is curious to track the references to Indians and Africans in the narrative Du Bois paints. While black people appear as flat characters – they are simply tribesmen who

“performed a vibrant war dance on the beach” (p. 107) when welcoming the Norwegian settlers – in the seemingly simplistic narrative of conquest, Indians cause “intolerance towards the ‘intrusion’ of Indian settlers. Disdain towards Indians as settlers was a reality since the early 1880s across colonial Natal. Just weeks after Natal entered the Union dispensation in 1910, a petition was launched in Umkomaas against the issuing of further trading licences to Indians...Unfortunately such sentiments prevailed far into the union and beyond” (p. 91). This extract illustrates Du Bois’s tone-deafness when writing about racism in colonial Natal. This tone-deafness continues throughout the book which is further illustrated in the manner with which Du Bois employs the word “kaffir” in the chapter “A sketch of Alfred County and Port Shepstone”.

Du Bois has set himself the impossible task of writing these portraits as though they can be neutral or even provide some enlightenment about the positive aspects of colonialism. While other historians have tried to do the same in the past – a tradition Du Bois sees himself as a part of – there has been enough documentation about colonialism that does not shy away from the complexities of conquest. Historical narratives such as Du Bois’ would have us duped into thinking that South Africans should be grateful the settlers came. The challenge with settler mentality like Du Bois is that it lacks an imagination. Implied in his book is an alignment with Helen Zille’s ideas about the development that came along with colonialism (the roads, bridges, transport etc). This belief that these were the good fruits of colonialism misses the point that Africa could have had a different and more prosperous future without the so-called development that came with white supremacist violence. Colonialism hijacked the future from Africans because it was premised on an encounter that believed that the people and places they discovered were backward and primitive.

Chapter 10, *Settler Security, Insecurity and Solidarity* is worth quoting at length:

Although settlers enjoyed political and military control, there were factors that rendered them vulnerable. These included their proximity to the reserves set aside by Shepstone exclusively for African residence and the fear of unrest or even attack emanating from those reserves. As a safeguard, settler volunteer groups or rifle associations were established across the colony. A spirit of community and settler solidarity was the corollary of those associations (p. 188).

The chapter continues to explain the need for the indentured labourers because the cheap labour from the Africans was unpopular. The chapter also

outlines the strategies by the settler administration to address their insecurities and vulnerabilities which ensured more repression of the African community. The chapter includes the resistance and the battles waged by the Africans such as Isandlwana and Bhambhatha. Du Bois paints the schemes of the colonial administration as though their actions were justified. The growth of the rifle associations highlights the role of ordinary people who were involved in upholding the security of white settlers. While the big men of history are given prominence in the narrative, Du Bois attempts to highlight the role of civic organisations which entrenched colonialism. This is an important contribution but Du Bois does not take it to its logical conclusion of elaborating on the role played by ordinary settlers in relation to the usual grand narratives featuring a few prominent names.

While Du Bois tries to discuss the politics of discrimination and white supremacy in colonial Natal in the chapter “The Coolie Curse” — which analyses “The Indian question” — it rings hollow as someone who would have readers believe that Shepstone was simply a man of his time. One such glaring example the extent to which the names of the settler administrators appear throughout the text. With exception of a handful of names of the Indian and African population, no other names appear. The book would have us believe that barring a few prominent characters, the Africans were passive recipients of colonialism. Names are important when writing about history as they tell us who matters in this saga. Except for one chapter, women are also erased from this narrative. They form part of the usual “women and children discourse” which is a patriarchal outlook on the presence of women in the colonial project.

Du Bois sets himself the challenging task of writing history to respond to the decolonisers’ clarion call. His collection begs the old question: what is the purpose of history in understanding the present and the future? Furthermore, historical narratives are constantly being contested and Du Bois book of simply collecting his writings without an acknowledgement of the feminist perspective leaves the book wanting. The saving grace of this text is that it maps out the extent of the repression in colonial Natal. While there is a level of amnesia about the extent of colonialism, this text is helpful in understanding that English colonialism was the kind of foundation needed in order for apartheid to become the next logical step in 1948. Historians who are experts in this area will do well in reading the book and responding to the contribution it makes to the scholarship of settler colonialism. It would be interesting

to hear from them whether this book advances the conversation about the complexities of the colonial project or whether it is simply a reflection of some of the attitudes that should be left in the past. The decolonisers would do well in reading this book as it will bolster their cause even more. It be more evidence for the need for white South Africans to account for the land question and the dispossession of African people.

Writing the Ancestral River. A biography of the Kowie

(Wits University Press, Johannesburg, 2018, 193 pp.)

ISBN: 978-1-77614-187-6)

Jacklyn Cock

Christo Engelbrecht

Microhistory Network

christoengelbrecht01@gmail.com

In telling the story of the Kowie River, Professor Jacklyn Cock concentrates on three different moments in the Kowie River's history through the processes of ecological degradation and racialised dispossession: the battle of Grahamstown (1819); the harbor development (1821-1870s), and the development of the upmarket marina on the Kowie River in Port Alfred (1989). Against the backdrop of hydro political analyses, such matrix makes good sense since it carries a normative scope that includes the historian's passions, intentions and motivations. Cock made her's clear.

Ecological considerations are topical in today's global village as Environmental Sciences world-wide grapple with the issues they investigate. *Writing the Ancestral River* gives excellent examples of History making productive contributions to Environmental Humanities. The contributions here, include the high-up-on-the-agenda themes of racial dispossession of the Eastern Cape's indigenous populations by white settlers. Cock refers to Tim Keegan for whom the annexation of the Province of Queen Adelaide "was simply a 'gigantic land grab'" (p. 95). This resembles populist language in the current land expropriation without compensation debate in South Africa.

The most fundamental point in Cock's book is that the Battle of Grahamstown is seen as of decisive importance in the history of the Kowie River. It was a battle "in the claim of the Xhosa to their land" (p. 53). More profoundly, "[i]t is widely acknowledged by historians that this event was a turning point in South African history" (p. 51). Suffice to generalize that historians are fond of identifying turning points in history. According to Cock, a *new mode of accumulation* (p. 55) emerged: settler capitalism. Not only was William Cock (great-great-grandfather to Jacklyn Cock) credited for developing the Kowie harbor, he was also a *pioneer of settler capitalism* (p. 71). But Cock does not write about William Cock's first five years as a farmer, his failed crops, material loss at the hands of the local populations, or floods before he bought his first vessel in 1826. Neither about the severe losses he endured during the Sixth, Seventh and Eight frontier wars of 1834-1853.

As a side comment, there are a number of much earlier examples of settler capitalists before William Cock arrived in South Africa in 1820. It would also do no harm to take the view of Noël Mostert that the Battle of Grahamstown "was the most significant battle of the nineteenth century in South Africa" (p. 54-55), or Stephen Kay's reference "to the unrighteous conduct of colonists ... towards the *defenceless* natives" (p. 63. Emphasis added) on research review. The same holds true for the use of words such as "pathetic" (p. 42), "foolish pride" (p. 56) and "maximum force" (p. 59) even in their respective contexts, or, the hypothesis that "[t]he dominant concern today is the control and management of rivers, ignoring most of the wild species that depend on them" (p. 30).

Professor Cock is well placed for the task at hand. There is, for instance, her personal "connection" with or "closeness" to the Kowie River. For some readers, this might be too "close to home" but her "personal account of what the river presents" (p. 4) to her, "connects a personal and collective memory, the social and the ecological, the sacred and the profane, in both the honouring and the abuse of nature" (p.4). We also read: "[t]he story of the Kowie River has been more than an intellectual engagement. It is both a memoir and paean to place, a love story disguised as a social and environmental history" (p. 5).

Such personal revelations place a high premium on the historical method, because Cock's intellectual, physical and emotional journeys

want to unravel social political economic and macro-ecological problems (p. 9) through asking “big” questions. Together with these “motivations” (pp. 1-13) is a long list of questions that Cock (pp. 9-10) wants to answer, in which lies a not so obvious but important value of this study – the rich potential to conduct future micro-historical studies of all three “moments”.

South African historiography is a dynamic field of study, full with varying interpretations and classifications: *Writing the Ancestral River* makes an important addition. From a semantic and historiographical perspective, “Kaffir wars”, became “frontier wars”, became “Xhosa wars”, became “Hundred Years War” or in Cock’s words “wars of dispossession” (p. 3) with distinctions between “episodic cattle raids and skirmishers rather than dramatic confrontations between armed protagonists’ [...] harassment, rather than warfare [...] fundamentally a sustained guerrilla struggle” (p. 40). Similarly, Makhandia is credited as “an early freedom fighter” and William Cock “a pioneer of settler capitalism” (pp. 69 and 71) or George McCall Theal and George Cory were referred to as colonial historians (pp. 57 and 58). Similarly, Martin Legassick not mentioned as a revisionist historian or Hermann Giliomee as an Afrikaner historian.

In line with Cock’s objectives of this study, her descriptions of the river itself, are packed with relevant and interesting examples. The important thing about this chapter is that it presents an excellent backdrop against which ecological degradation or ecocide and racialised dispossession and genocide were convincingly connected with colonialism (p. 127). In both instances William Cock was found to be deeply involved, driven by “self-interest” (p. 94).

Professor Cock penned William Cock as “certainly a controversial figure” (p. 77): a honourable member of the colonial legislative council, a man with a powerful presence, with a large house that “dominated the little village” (p. 78). As an entrepreneur he belonged to “a settler elite who promotes the violent dispossession of the land and livelihoods of the indigenous population”, father of the marina, with heroic confrontations with forces of nature (p. 11). William Cock received land, supplied the military establishment (p. 71), was a colonial administrator, owned a collection of boats, and traded with the Cape, St. Helena and Mauritius (p. 77). A man of great enterprise and perseverance, “a pioneer in the development of South Africa’s export business” [...], “few could “match

him in ability and energy or match all he accomplished for the development of the country”, was “self-interested or [...] a war profiteer” yet a man of unshakeable character, with great integrity, a deep-rooted sense of justice, deeply religious and who gave to churches (p. 80).

In 1852 the Cape governor approved plans to improve the harbor and the Kowie Harbour Improvement Company was formed. Cock was a director. When the company was dissolved in 1870, the government took over the control of the harbor’s development until 1886. By all accounts the 1870s were the busiest period of the harbor but by 1886 it failed. “The most *plausible* reason is no doubt the sedimentation of the Kowie” wrote Cock (p. 89. Emphasis added), but the “most *convincing* argument for the failure” was a lack of enormous capital required for maintenance (p. 90).

Cock’s treatment of settler capitalism and environmental justice – or according to her, “the false binary between “nature” and “society” (p. 137), deserves concluding observations. She is correct that the Anthropocene does not capture the pain and immediacy of environmental destruction (p. 142). This is in line with modern thinking about *capitalism as world-ecology*. In other words, we do not live in the geological time of the Holocene, not even the Anthropocene, but in the Capitalocene. Thus: settler capitalism is not an economic system; it is not a social system: it is a way of organizing nature human and non-human nature alike. This makes settler *capital* (economy) and the environment interdependent. And in this sense *settler capitalism as a world-ecology*, joins also William Cock’s accumulation of capital, his pursuit of power and as co-producer (-destructor) of nature, in dialectical unity.

Writing the Ancestral River is a must-read for those wanting to find out about new learning towards a shared future of humanity in nature and nature in humanity. Hopefully one day, we will be able to break with the binary of apartheid/neocolonialism-interpretation of the South African past and answer “big” questions outside that box. Just maybe the gap between environmentally-inclined social scientists and empirical world environmental historians presents an opportunity to better understand the humanity-in-nature and capitalism-in-human dialectic.

Wit Terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare

(Tafelberg, Kaapstad, 2018. ISBN 978-0-624-08158-6)

Albert Blake

Anna la Grange

Noordwes-Universiteit

anna.lagrange@yahoo.com

Wit Terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare raak 'n paar belangrike aspekte van die klimaat binne Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog aan. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis bevat verskeie patrone wat dikwels in vreemde wyses herhaal. Blake slaag deeglik daarin om een van hierdie patrone uit te wys. In die “nuwe Suid-Afrika” is dit maklik om te vergeet dat lank voor die ANC vryheidsvegters terreurdade gepleeg het, daar ook wit saboteurs was wat vir byna dieselfde vryheidsideale geveg het. Blake se doel is om Afrikanerterreur tydens die Ossewabrandwagjare te kontekstualiseer en “tot op die been oop te vlek” (p. 12-13). Blake poog verder om die individuele Afrikaners wat betrokke was by terreurveldtogte beter te verstaan en “om in die koppe” van sulke individue in te klim (p. 13). Die motiverings agter hierdie terreur-aksies word dus ondersoek. *Wit Terroriste* bespreek 'n aantal raaisels rondom Afrikanerterreur tydens die Tweede Wêreldoorlog.

Die eerste raaisel wat aangepak word, is die vraag of die saboteurs as verraaiers of patriote beskou behoort te word. 'n Boek deur GC Visser, *OB: Traitors or Patriots?*, het reeds in 1977 met dieselfde vraagstuk geworstel. Blake dra by tot die beantwoording van hierdie vraag deur die persoonlike gevoelens en motiverings van oud-saboteurs bevredigend aan die leser oor te dra. Deurlopend maak Blake hoofsaaklik op onderhoude staat om die gevoelens van oud-saboteurs weer te gee. In hierdie opsig slaag hy daarin “om in die koppe van daardie individuele Afrikaners te klim” en hulle gedagtes aan die leser bekend te maak (p. 13). Blake trek 'n verband tussen die motiverings agter die Rebelle en die terreurveldtog teen Suid-Afrikaanse deelname aan die Tweede Wêreldoorlog. Blake neem die korrekte standpunt in dat die “terreurveldtog word soos die Rebelle verhef tot edele optrede” wat uiteindelik ter diens van die Afrikanervolk gedoen is (p. 21).

Die raaisel rondom verraaiers en patriote lei tot die volgende knaende vraag: Kan die terreurveldtog as “volksvreemde” gedrag beskryf word? Die oorhoofse

meerderheid van die sabotasiedade wat Blake beskryf is deur pro-Duitse gesindhede aangevuur met die hoop dat Duitsland die Afrikaner se onderdrukker, Brittanje, sou uitoorlê. Wat Blake uitstekend aan die leser oordra is dat sabotasie-aksies nie alleenlik deur pro-Duitse ondersteuners gepleeg is nie, maar ook deur Afrikaners wat ten gunste van oorlogsdeelname aan die kant van Brittanje was. In hoofstuk die verduidelik Blake in diepte dat die Afrikaner 'n verdeelde nasie net voor die uitbreek-, tydens en selfs ná die Tweede Wêreldoorlog was. Die situasie is 'n komplekse fenomeen in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat nie ligtelik aangepak kan word nie. Tog beantwoord Blake sy navorsingsvraag uitstekend deur te verduidelik waarom die terreurveldtog nie noodwendig volksvreemde gedrag was nie.

Die derde raaisel wat Blake ondersoek is of die optrede teen die Smuts-regering alleenlik deur militante nasionalisme/republikeinse strewe gemotiveer is, en of daar ook ander beweegredes betrokke was in hierdie optrede. Blake ondersoek die redes waarom daar “'n oorlog in 'n oorlog” ontstaan het deur die kompleksiteit van die politiese klimaat binne Suid-Afrika voor-, tydens en ná die Tweede Wêreldoorlog bevredigend te bespreek (p. 52). Die wyse waarop Blake hierdie omvattende aspek ondersoek is deur die aksies van spesifieke individue te bespreek. Een van die bekendste saboteurs is Robbey Leibbrandt. Blake slaag daarin om die verhaal van Leibbrandt in 'n boeiende wyse aan die leser oor te dra en terselfdertyd die karakter van die individu te openbaar. Blake gebruik tydgenootlike opinies oor Leibbrandt om 'n uitstekende karakterskets te onthul. Operasie Weissdorn is steeds een van die raaiselagtige elemente van die Tweede Wêreldoorlog, en soos wat Blake dit stel “bly dit onduidelik wat die Duitsers met Leibbrandt se sending, bekend as Operasie Weissdorn, wou vermag” (p. 183). Dit is dus heel van pas dat Blake die aandag vestig op die individu betrokke in die operasie eerder as die operasie self. Behalwe vir Leibbrandt bespreek Blake ook verskeie ander fassinerende individue wat betrokke was by sabotering, asook die motiverings agter die sabotasie. Hieronder word ondermeer Johannes van der Walt, Steve Hofmeyr en Hans van Rensburg ondersoek. Rondom die antwoord of ondergrondse bedrywighede alleenlik deur militante nasionalisme/republikeinse strewe gemotiveer is, kom Blake tot 'n antwoord in sy hoofstuk oor “Militante Vroue” (pp. 211-226). Blake maak dit duidelik dat verskeie redes daartoe bygedra het dat individue betrokke raak in sabotasie-aksies, maar dat nasionalisme 'n grondslag gevorm het vir die deelname. Verskeie individuele vroue se rol in die sabotasie-aksies word bespreek, Blake slaag daarin om ook “om in die koppe” van hierdie saboteurs te klim.

Verder bevraagteken Blake of die terreurveldtog opportunisties was solank dit gelyk het of Duitsland kan wen. Blake verduidelik verskeie individue se motiverings agter terreurdade. Hoofstuk ses skenk aandag aan die “sabotasiespesialiste” deur na verskeie individue te verwys wat deel uitgemaak het van die Terreurgroep. Weer eens bereik Blake sy doelstelling om die individue, asook hulle lot, te bespreek. Hoofstuk 8 bespreek die terdoodveroordeeltes wat hulself aan sabotasie-aksies skuldig gemaak het. Deur na die lot van twee spesifieke individue te kyk behaal Blake nogmaals sukses daarin om sy doelwit te behaal, en wys ook dat opportuniste ’n rol in dié aksies gespeel het. Hoofstuk dertien bespreek die komplekse verhouding tussen Nazisme en die Stormjaers. Blake kom tot die gevolgtrekking dat die Stormjaers geensins Britse-oorheersing vir Duitse oorheersing wou verruil nie, maar eerder dat die pro-Duitse gesindheid wat onder die Stormjaers geseëvier het ’n sterk opportunistiese vorm aangeneem het (p. 157).

Hoofstuk dertien spreek ook terselfdertyd Blake se vyfde navorsingsvraag aan deur te ondersoek of Nazisme enige belangrike rol in die terreurveldtog gespeel het. Die gevolgtrekking word gemaak dat Nazisme nooit ’n bepalende faktor in die versetbeweging was nie, maar eerder dat die ware motivering agter die verset in ’n sterk anti-Britse gevoel lê (p. 162). Die gevolgtrekking waarmee Blake vorendag kom, is dat die Stormjaers die Nazi-gruwels tydens die oorlog as propaganda afgemaak het. Die werklike omvang van Nazi-bedrywighede is “eers werklik aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog blootgelê” (p. 259). Ten spyte van die feit dat Hans van Rensburg, en verskeie ander OB-lede, skakeling met Duitsland gehad het, en so hoogverraad gepleeg het, is dit nie noodwendig Nazisme wat terreur aangevuur het nie (p. 259). Ná die oorlog het pro-Duitse individue in Suid-Afrika veel ligter strawwe ontvang as individue in ander dele van die wêreld. Soos wat Blake dit stel “was die omstandighede in Suid-Afrika ook heel anders en moet dit in ’n eiesoortige konteks beoordeel word” (p. 264). Wat wel skort in Blake se boek is die kontekstualisering van die Suid-Afrikaanse politiese klimaat, waarin daar veel meer aandag aan die impak van die Nasionale Party se 1948-verkiesingsukses gegee kan word. Desnieteenstaande ontbloom Blake ’n gaping in die Suid-Afrikaanse historiografie wat met toekomstige navorsing gevul kan word.

Die sesde raaisel waarna Blake kyk is heel moontlik die vreemdste aspek wat in *Wit Terroriste* aangeraak word. Blake ondersoek tot in watter mate die “psigohistoriese aanspraak dat mishandelde kinders mishandelende ouers word”, ook in die Afrikaner in groepsverband waar is (p. 13). Die kwessie

van grootskaalse armoede tydens die 1930s en 1940s in Afrikanergemeenskappe sou 'n interessante element tot die boek gevoeg het. Hoewel Blake kortstondig verwysing maak daarna dat “ongeveer 'n derde van Afrikaners aan die begin van die 1930s armlastig was en onder die broodlyn moes leef” (p. 15) faal hy om die breër historiese konteks van hierdie armoede te bevredigend te beskryf. Geen verwysing word na die Carnegie-verslag of selfs die algehele Armblankevraagstuk gemaak nie. Beide die bogenoemde is van onskatbare waarde om die opkoms van Afrikanernasionalisme en die republikeinse strewe ten volle te begryp. Dit is ook 'n jammerte dat Blake nie van Sandra Swart se artikel *'Desperate Men': the 1914 Rebellion and the politics of poverty*, gebruik gemaak het nie. Hierdie artikel sou die verband tussen die Rebelle en die terreurveldtog, asook die rol van armoede in beide versetbewegings, nog meer in perspektief kon plaas. Blake fokus egter nie alleenlik op die Afrikaner as geheel nie, maar beskryf ook sekere individue en die konsep dat “mishandelde kinders mishandelende ouers word.” Spesifiek John Vorster word ondersoek as 'n mishandelde kind wat 'n mishandelende ouer word. Blake maak die gepaste gevolgtrekking dat die internering van kern individue wat later belangrike posisies in die Suid-Afrikaanse samelewing sou beklee 'n “bepaalde nalatenskap vir die land gelaat” het (p. 65).

Dat *Wit Terroriste* daarin slaag om 'n vergete aspek van die Suid-Afrikaanse geskiedenis te ontbloot en 'n gaping in die historiografie vul, is nie te betwyfel nie. Met hierdie boek het Blake 'n boeiende aspek van die Suid-Afrikaanse geskiedenis aangeraak. Dit is egter duidelik dat Blake slegs oppervlakkig die rol van die Ossewa-Brandwag tydens die Tweede Wêreldoorlog, die sabotasiedade wat deur “wit terroriste” gepleeg is, en die impak van die Unieregering se Noodregulasies tydens, en ná die Tweede Wêreldoorlog bespreek het. Soos reeds genoem bestaan die geleentheid vir verdere navorsing oor die bogenoemde aspekte. Die boek word egter hoogs aanbeveel juis omdat dit 'n aspek van die Suid-Afrikaanse geskiedenis aanraak wat dikwels vergete is in die “nuwe Suid-Afrika.” Soos wat Blake dit self stel: “Minder as 'n dekade nadat die laaste van die Afrikaner politieke gevangenis vrygelaat is, is politieke oortreders in baie van dieselfde selle by polisiekantore en gevangnisse aangehou. Daardie gevangenes het ook aangevoer dat hulle 'n stryd om vryheid stry” (p. 252).

Méér as 'n kroniek van 'n rebellie

Slagtersnek en sy mense

(Protea Boekhuis, Pretoria, tweede druk 2016, 279 pp. ISBN: 978-1-4853-0480-7)

JA Heese

Christo van Rensburg

Noordwes-Universiteit & Universiteit van Pretoria

In 2016, 43 jaar na die eerste druk van 1973, het die tweede druk van J A Heese se studie oor *Slagtersnek en sy mense* verskyn. Die nuwe insigte wat uit Heese se dokumentering van die Slagtersnekgebeure gevolg het, is steeds geldig, en gedagtewisseling wat in 2017 daardeur gestimuleer kan word, regverdig hierdie druk.

Die sentrale figure in die Slagtersnekopstand was die broers Freek en Hans Bezuidenhout. Freek se ongedurigheid oor verskeie kwessies het 'n tyd lank stoom opgebou, en eintlik op 10 Oktober 1815 tot uitbarsting gekom toe hy hom teen inhegtenisname verset het, en saam met sy seun Hans (p. 25 e.v.) in 'n klipskeur (foto teenoor p. 128) stelling ingeneem het teen 'n groep soldate, waaronder ook pandoers. Freek is in die daaropvolgende skermutseling deur een of meer pandoers doodgeskiet (p. 26). Dit kon die einde van dié saak gewees het. Heese beweer dat as Kasteel Prinsloo nie teen die einde van Oktober 1815 ingemeng het nie (p. 29), en die leierskap van die opstand op hom geneem het nie (p. 38), die Slagtersnekrebellie nie sou plaasgevind het nie (p. 216). Kasteel Prinsloo is so genoem omdat sy vader dié naam gekry het nadat hy drie jaar lank in die kasteel in Kaapstad aangehou is vir sy aandeel aan die vroeëre 1799-opstand. Die minder as sestigtal Rebelle het op 14 November 1815 stuk-stuk begin oorgee (p. 82), maar Freek se broer, Hans Bezuidenhout, en sy twaalfjarige seun Gertjie en Hans se vrou, het gevlug en op 28 November by Madoersdrif stelling ingeneem en hulle teen inhegtenisname verset. Hans Bezuidenhout het gesneuwel (ook deur 'n pandoer geskiet – p. 81), en sy vrou en seun is gewond en gevange geneem (p. 46) waarmee die rebellie na sowat ses weke tot 'n einde gekom het. Vyf van die rebelle is op 9 Maart 1816 op Vanaardtspos opgehang. Vier se toue het die eerste keer gebreek ('n Monument is presies 100 jaar later (p. 83) daar opgerig – vgl. foto teenoor p. 129). 'n Week voor hulle teregstelling het nog 'n gebeurtenis tot hierdie reeks

dramatiese episodes bygedra: Twee van die veroordeeldes se kinders is in die gevangenis (p. 51) gedoop deur die predikant wat die veroordeeldes tydens hulle laaste dae bygestaan het.

Met sy deeglike ondersoek ontluister Heese interpretasies wat aan die rebelle gekoppel was, en hardnekkig bly voortleef het (pp. 238-246; p.65), en daarmee ook 'n aantal polities-propagandistiese mites oor die Slagtersnekrebellie. Dit is opvallend dat sulke voorstellings in die tyd van verkiesingsveldtogte die lig gesien het (pp. 75-76). Wanvoorstellings was dat die galgbalk gebreek het (pp. 85; 104 e. v.), daar 'n reg tot vryspraak bestaan het waarop die rebelle hulle kon beroep het nadat die galgtoue gebreek het (p. 86), dat die teregstellings op 'n plek met die naam van Slagtersnek plaasgevind het (wat sy naam al in 1811 gekry het, vanweë die moord op Andries Stockenström, en dat die teenwoordigheid van die pandoers (vgl. p. 92 oor die pandoers) 'n bydraende faktor tot dáárdie gebeure was.¹ Van hierdie sienings kon Heese geen bewys kry nie, en ook nie dat die Rebellegroepering en hulle families 'n wrok teenoor die onderdrukkers van die opstand gekoester het nie. Andries Stockenström se seun, ook Andries, was net drie en twintig jaar oud tydens die Slagtersnekgebeure, en het as Landdros van die distrik Graaff-Reinet 'n belangrike rol in die onderdrukking daarvan gespeel, en het daarvoor tog aan gewildheid ingeboet (p. 227).

Heese spreek sy onvergenoegdheid uit oor die lukraak manier waarop romansiers met die geskiedenis omgaan, veral in verhale oor die Slagtersnekgebeure (vir voorbeelde, vgl. pp. 60-87). Talle historici en belangstellende leke sal hom daarmee gelyk gee. Wat behoort die situasie wees? Fransjohan Pretorius het ook sy ontevredenheid getoon met historiese romans wat die historiese werklikheid verdraai.² Indien skrywers historiese romans skryf, kan hulle hiate invul, sê Hans du Plessis³, en Pretorius⁴ (2015, p. 99), verwag dat daardie invul “moontlik en billik” by die betrokke tydsges sal aansluit. Maar Heese was meer voorskriftelik. Dit is “hoog tyd”, skryf hy (in 1974), “dat die letterkunde ... nader aan die historiese waarheid beweeg” (p. 9 e.v.). So 'n voorskrif sal skrywers nooit duld nie. Skrywers skryf hulle eie verhale, en hoekom fiksie in bepaalde gevalle teen 'n historiese agtergrond ingeklee moet

1 PE Raper, LA Möller & LT du Plessis, *South African place names* (Johannesburg and Cape Town: Jonathan Ball, 2014), p. 468.

2 F Pretorius, “Historisiteit van resente historiese fiksie oor die Anglo-Boereoorlog in Afrikaans”, *Tydskrif vir Letterkunde*, 52, , 2, 2015, pp. 61-77.

3 H du Plessis “Die Groot Trek 175: Storie of storie?”, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53, 3, 2013, p. 441.

4 F Pretorius, “Op soek na generaal Mannetjies Mentz histories beoordeel”, *Tydskrif vir Letterkunde*, 37, 3/4, 1999, pp. 1-17.

word, is nie maklik uit maak nie. Hoe frustrerend dit vir historici en belangstellende leke ook al is, vertel skrywers die geskiedenis eintlik soos hulle wil. Hulle vertellings staan primêr. Die 1995-film *Braveheart* het miljoene dollar by die lokette geïen, talle toekennings verwerf, en selfs toerisme na Skotland toe gestimuleer, terwyl dit deur *The Times* in 2009 geklassifiseer is as tweede op 'n lys van histories mees onakkurate films.

Omgekeerd lyk dit vir taalhistorici dikwels asof Suid-Afrikaanse geskiedskrywers onbetrokke staan wanneer hulle gegewens teëkom waar Afrikaans op 'n unieke manier gebruik word, en maak hulle selfs in die verbygaan nie eers 'n (waarskynlik waardevolle) opmerking daaroor nie. En in hulle geskiedskrywing? Heese haal ongeletterde mense se getuieis in die pragtigste Hoog-Hollands aan – 'n taal wat nooit op die voorposte as gesprekstal gedien het nie, en nie aan Pretorius se konteksvereiste van “moontlik en billik” voldoen nie. Die Hollandse bestuurstaal is al in die agtiende eeu in die Kaap op die agtergrond geskuif, het Changuion in 1848 aangetoon.⁵ En Heese sou dit agtergekom het in die familiedokumente wat hy bekyk het. Maar waar Somerset se opmerking in die kantlyn van 'n verslag ook in Hoog-Hollands staan (p. 233), het dié anachronisme Heese darem nie ontgaan nie! In *Slagtersnek en sy mense* staan daar **tóg** een sin in die Oosgrensafrikaans van die negentiende eeu, geskryf deur Veldkornet Opperman, en wat taalkundiges opslurp. Daar word *in* gebruik (en nie die latere *en* nie), “*Faaber in Hans*”, en *is* word twee keer geskryf met 'n meervoudige onderwerp (p. 117).

Heese maak melding van die pleknaam *Rooiwal* (p. 171), en verwys elders na *Kookhuis* en *Cookhouse*. Dié name pas inderdaad op 'n interessante manier by mekaar in. In Khoi klink *rooi* + *wal* soos *kook* + *huis*: *kx'awak* = *rooi* + *!haus* = *wal* soos *Kookhuis* in Afrikaans (wat later *Cookhouse* in Engels geword het).⁶ Hierdie geval waar naamgewing op klanknabootsings gebaseer is, verskil van die proses waarvolgens die meeste Khoi- (of Khoi-Afrikaanse) plekname in Afrikaans neerslag gevind het. In die reël was sulke plekname nie klanknabootsings nie, maar vertalings, soos *Gariep* waarvan die Khoi-naam se Afrikaanse vertaling *Grootrivier* is.

Die mense van die Baviaansriviergebied (en van ander naasliggende subdistrikte) waaroor Heese skryf, was sprekers van die Oosgrensvariëteit van Afrikaans, dié variëteit in die binneland van die agtiende eeu met 'n Europese

⁵ ANE Changuion, *De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld, zijnde eene handleiding tot de kennis dier taal, naar de plaatselijke behoefte van het land gewijzigd* (Amsterdam, J van der Vliet/Kaapstad, Collard, 1848).

⁶ PE Raper, LA Möller & LT du Plessis, *South African place names*, p. 247.

basis. Met die Groot Trek is Oosgrensafrikaans na die noordelike republieke toe geneem. Die ander variëteit van Afrikaans in die Oosgrens was Khoi-Afrikaans die variëteit wat die Khoi se moedertaal teen die einde van die sewentiende eeu verplaas het. Voordat die veeboere die Kaap teen die begin van die agtiende eeu begin verlaat het, het swerftrekkers die binneland al deurkruis. Hans en Freek Bezuidenhout was moontlik latere swerftrekkers. Eers in 1809 is hulle teenwoordig in die Baviaansriviergebied waargeneem (p. 18). Toe die Veeboere die Kaap vir die binneland verruil het, het hulle vergesigte gekoester van onbeperkte ruimtes vir hulle vee. Heese toon aan dat dit aan die Baviaansrivier nie die geval was nie, en dat die Baviaansriviergebied toé digter bevolk was as in 1974 (p. 30). Daar het tot tien gesinne saam op een plaas 'n bestaan probeer maak (p. 89). Die bywoners se soeke na vryheid (vgl. p. 154) het óók nie gerealiseer nie: Talle van hulle het die plaaseienaar gedwee gevolg nadat hy by die rebellie aangesluit het (vgl. pp. 166; 174).

Voorposgebruike word uitgelig, soos broers van die een gesin wat met susters van 'n ander gesin getrou het, en van ondertrouery (p. 129). Voorposmense skep “nuwe mites en 'n ander identiteit”, het Du Plessis oor mense se bestaan op voorposte geskryf.⁷ 'n Dwarssnit deur die bewoners van die Oosgrens toon mense met wisselende grade van gegriefdheid en 'n “muytzieke geest” (rebelse gees) (p. 95) wat uit onvergenoegdheid met hulle lewensomstandighede gevolg het, en 'n neiging om maklik te maak en te breek, soos verskeie reisigers opgemerk het, en waarvan Freek Bezuidenhout se afranselings van sy werknemer Booy (pp. 20; 77) getuig, sy minagting van geregbodes (pp. 22; 24), Hans Bezuidenhout wat sy broer Freek se dood wou wreek op Veldkornet Opperman (p. 33), asook die reeks hofsake waarvan Heese telkens in die verbygaan melding maak - omstandighede wat onder druk tot 'n rebellie kan lei. Bedrog, soos met slagterbriefies, smokkelary en 'n weersin aan die teenwoordigheid van die Engelse (vgl. pp. 182, 185), was ook nie heeltemal vreemd aan hulle mondering nie. Die deelnemers aan die Rebellie was egter nie verteenwoordigend van die Oosgrensgemeenskap nie. Die middelklasboere het nie daaraan deelgeneem nie. Die rebelle was eintlik “arm ... mense” (p. 90), wat nie almal perde of gewere gehad het nie. In hulle situasie kon hulle wrokke onwerktuiglik opgekrop het. Maar sien Heese die situasie so? Heese sonder die deelnemers aan die opstand uit as “wilde mense” en “verbrekers van die tradisionele waardes van die Afrikaner”. Daaronder val “rassesuiwerheid” en “eerbiediging van kerklike sakramente”. Heese se “Afrikaners” was

⁷ H Du Plessis, “Die Groot Trek 175: Storie of storie?”, p. 449.

ook “ordeliewend” (p. 13), waarmee Heese gangbare sosiale kategorisering ter syde stel en eerder die politieke sentimente van die tyd waaruit hy skryf volg. (In 1973 was die leier van die Nasionale Party, BJ Vorster, Staatspresident van Suid-Afrika). Die Slagtersnekrebellie was die derde opstand aan die Oosgrens binne twintig jaar! (Vgl. pp. 100-101; 108 e. v.) Met “rassesuiwerheid” verwys Heese heelwaarskynlik na die vrou waarmee Freek Bezuidenhout saamgeleef het (pp. 16, 78-80), en sy seun wat saam met hom in die klipskeur was toe hy doodgeskiet is. Wanneer Heese na Freek Bezuidenhout se vrou verwys, skryf hy “vrou” deurgaans in aanhalingstekens! Hoeveel van hierdie tradisie van sosiale afsydigheid oor sy persoonlike verhouding en die huigelagtigheid wat daarmee gepaard gegaan het, onderlê nie Freek Bezuidenhout se “eiesinnigheid” nie (p. 21). Na Van Meerhoff se huwelik met Eva het hy in 1665 ‘n pos op Robbeneiland bekleed. Gerieflik verwyder uit die skynheilige Hollandse gemeenskap aan die Kaap.⁸ Veldkornet Van Wyk, wat die rebellie help onderdruk het, het juis ook ‘n saak ondersoek waar ‘n medeburger deur sy vrou aangekla is omdat hy “met hulle slavin omgang gehad het” (p. 93). Beskuldigings van ‘n onwelvoeglike verhouding teen veldkornet Opperman en sy seun, met Khoi-Khoi-vroue, is ook gemaak (pp. 96; 202).

Slagtersnek en sy mense lees soos ‘n roman, maar is inderdaad ‘n stewige geskiedenis. En Heese die genealoog skryf ook aan dié boek. Die leser kry inderdaad twee boeke in een. Heese beantwoord in hoofstukke 4-8 die tergende vraag wat telkens na die lees van geskiedenis gevra word: En wat het toe van hulle kinders en ander betrokkenes geword? Heese kom ook daarby uit om te sê of die latere Eerste Minister, Louis Botha, Generaal de la Rey en President M T Steyn van die Slagtersnekrebellie se bloed in hulle are het, en waar die naam Bezuidenhoutsvallei (in Johannesburg) vandaan kom. Hy vertel hierdie storie heeltemal klaar, en met indrukwekkende deeglikheid. Naas gedrukte dokumente het hy ook met segspersone wat oor inligting kan beskik onderhoude gevoer, sover as in Angola. Hy het ook in 1971 die samewerking van *Rapport* gekry vir navrae en Slagtersneknasate het gretig saamgewerk. Sy gegewens het hom ook in staat gestel om De Villiers en Pama⁹ se *Geslachtregisters* waaraan Theal glo ‘n groot aandeel gehad het (p. 11), en waarvan die titel nie konsekwent gespél word nie, te korrigeer en aan te vul, en by dié boek in te sluit (pp. 261-267).

⁸ K Schoeman, *Seven Khoi lives* (Pretoria, Protea, 2009), p. 32.

⁹ CC De Villiers & C Pama, *Geslachtregisters van die ou Kaapse families* (Kaapstad, Balkema, 1981).

Slagtersnek en sy mense is meer as net 'n relaas van daardie noodlottige gebeure van 1815. Dit wys ook in besonderhede in watter mate 'n gemeenskap so 'n gebeurtenis absorbeer. En die betekenis van die Slagtersnekrebellie? Daarby kom Hesse nie uit nie. Is dit omdat daar nie werklik sin van sulke gebeurtenisse gemaak kan word nie?

Kort voor druktyd het *New Contree* verneem van prof. Van Rensburg se afsterwe. Met die publikasie van hierdie resensie wil ons graag hulde bring aan een van Afrikaans se grootste geeste.

As ek die begeerte mog waag, sou ek dit graag so wil hê dat die engel wat my kom haal huis toe, my daar bring met die verslag: "Ek het hom by sy werk gekry".

CJ Langenhoven, Ons weg deur die wêreld, 1913